*Donderdag* **15 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-11**
**Fokusgedeelte: Openbaring 22:6 (AFR83)**

**Hierdie woorde is betroubaar en waar**

Waar Openbaring 16 ons iets laat sien het van die ontsagwekkende oordeel van God, stel Openbaring 21-22 ons voor die onpeilbare heerlikheid van wat hierna sal wees. Dit is die Nuwe Jerusalem, die stad waarvan God Self die Boumeester is, dié stad waarna Abraham, Isak en Jakob al uitgesien het en daarom in die land wat God aan hulle beloof het as vreemdeling in tente gewoon het (Heb. 11:10, 13-16). Só ’n toekoms! Net die lewende God kan sulke dinge doen en in Christus alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen (Kol. 1:20)! Petrus skryf in sy brief van die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:4).

Die punt wat ons in Openbaring 22 by herhaling moet weet, is dat hierdie dinge, hierdie beskrywing van hoe alles aan sy einde sal kom en alles nuutgemaak sal word, betroubaar en waar is. Daarom is elkeen ook geseënd wat hierdie woorde ter harte neem, en die oproep in vers 10 om die woorde van hierdie profetiese boek nie geheim te hou nie, en die belofte in vers 16 aan diegene wat in hulle eie persoonlike lewe hiermee erns maak, prakties voorgestel met jou klere was. Dit laat ’n mens ook dink aan die skare in Openbaring 7 wat voor die troon staan in hulle feesgewaad, die mense wat hulle klere gewas en dit wit gemaak het in die bloed van die Lam (Op. 7:14). Die klere gewas sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte van die stad kan ingaan.

Hierdie woorde, hierdie hele beskrywing van sake, van die einde van hierdie aardse bedeling en van die dinge wat gaan kom, is betroubaar en waar! Dié sekerheid word verder bevestig deur Jesus se eie woorde dat Hy gou kom.

Johannes was deur al hierdie dinge so oorweldig dat hy sommer voor die engel neergeval het wat hom op hierdie profetiese verkenningstog begelei het. Vroeër het hy ook so gemaak (Op. 19:10). Dit is inderdaad groot dinge, net soos die boodskap oor die bruilof van die Lam na die ontsagwekkende afrekening met Babel. Dis alles te groot vir ons menslike verstand en emosie om behoorlik van kennis te neem en te verwerk, soos wat dit ook letterlik te groot was vir Johannes om dit alles te verwerk.

Hoe raak dié toekomsprentjie ons? Maak dit ons in ons diepste wese opgewonde met ’n toekomsverwagting wat verder kyk as al die uitdagings waarmee ons van dag tot dag te doen het? Met groot afwagting en hoop vervul, juis omdat die woorde betroubaar en waar is!

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*